
1JH 3:9; 2:29 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [8] Die tweede merkteken

E253

Ons twee teksverse praat van twee verskillende merktekens van wedergeboorte. En tog is hulle onlosmaaklik verbonde. Dis twee kante van dieselfde saak - die negatiewe en positiewe kante. Enersyds doen iemand wat uit God gebore is nie meer sonde nie; andersyds lewe hy regverdig - hy doen dus wat reg is in God se oë.

Bekering

- Wat die twee verse beskryf, is wat die Bybel "bekering" noem - 'n ommekeer deur 180 grade. Dit dui dus op die ingrypende koersverandering wat deur saligmakende geloof in 'n lewe voortgebring word. Enersyds is daar die wegdraai van sonde af; andersyds is daar die heendraai na Christus toe.

- Baie mense raak verward, veral as hulle 1Jh 3:9 in ons Ou of Nuwe vertalings aandagtig lees, of in die King James, of New King James. Hierdie vertalings sê uitdruklik dat iemand wat wedergebore is nie meer sonde doen nie.

En wie van ons kan in eerlikheid sê dat hy of sy nooit meer sondig nie?

As sulke mense egter ander vertalings lees, kom hulle agter dat daar dalk 'n oplossing vir hulle probleem is. En inderdaad is dit so.

- In beide verse hierbo dui die betrokke werkwoorde in die Grieks op voortgaande handeling. Elkeen wat uit God gebore is *hou nie aan om sonde te doen nie*; trouens hy *hou aan om geregtigheid te*

beoefen. Dit gaan dus om 'n aanvanklike omdraai wat daarna deur 'n lewenspatroon gevolg word.

Hierdie twee aspekte van bekering word onderskeidelik "wortelbekering" en "daaglikse bekering" genoem. Let op dat nie net één 'n Christen se lewe kenmerk nie, maar béide!

- 'n Illustrasie mag help om te verstaan en te onthou:

'n Vlootskip vaar in die rigting van Antarktika. Dan word hy teruggeroep Simonstad toe. As dit is omdat oorlog uitgebreek het, sal hy so kort en vinnig moontlik draai. As dit is omdat hy ver genoeg suid is en maar kan begin terugkeer, sal hy wyd en geleidelik draai.

Netso maak dit uiteindelik min saak of 'n aanvanklike bekering dramaties of geleidelik plaasvind. Al wat van belang is, is of so 'n persoon inderdaad gedraai het en nou in die regte rigting op pad is.

Vanweë seestrominge, dwarswinde en deininge wat hom van koers af druk, moet so 'n skip, naas sy aanvanklike draai deur 180 grade, daaglik voortgaan met kleiner koersaanpassings.

Netso is voortdurende "koersaanpassings" 'n onontkombaarheid in 'n Christen se lewe. Dit volg noodwendig vanuit die progressiewe karakter van heiligmaking en hang aan die een kant saam met die aanslae van die vlees, die wêreld en die duiwel, en aan die ander kant met die groei in insig en ervaringswysheid wat die jare vir 'n gelowige bring.

'n Christen lewe nie in sonde nie

Ons fokus nou eers op die eerste merkteken, nl. dat iemand wat wedergebore is, nie in sy of haar sonde bly lê nie. 'n Ware Christen stry met alles in sy vermoë teen sonde. En mettertyd smaak hy of sy tog oorwinnings. En in hierdie stryd is niks ooit belangriker as ernstige en opregte gebed nie.

- Let op die struktuur van 1Jh 3:9:

" uit God gebore

*hou nie aan sonde doen nie
want God se saad bly in hom
hou nie aan sonde doen nie
uit God gebore."*

- Die hart van die saak, en dus die sleutel, is duidelik "die saad van God". Dit dui op die wedergeboorte wat iets van God, iets van Sý natuur in 'n mens tot stand bring - 'n onverganklike lewensbeginsel wat wil klaarkry met sonde en wat niks méér begeer as om die Here te behaag nie.

- Soos in die geval van geloof, is hier weereens 'n wesentlike gevaar dat die valse vir die egte aangesien kan word.¹

- Ware bekering is meer as die blote erkenning dat ek 'n sondaar is, en as sodanig God se oordele verdien. Dis selfs meer as selfmishaging, selfverwyrt, trane en vrees.

Daar is talle voorbeelde in die Skrif van sulke "bekerings" wat op niks uitgeloop het nie. 'n Tragiese voorbeeld is die van Agab (1Kon 21:17-19; 25-29). Maar net in die volgende hoofstuk lees ons hoe hy drie jaar later onder die toorn van God sterf, net soos profeteeer is. Waarom? Omdat sy berou en bekering nooit ég was nie!

Legioene soldate het al hulle sondes bely terwyl die kartetse om hulle bars, net om die volgende dag eens so erg met sondige en losbandige lewens aan te gaan. Hoeveel sterwendes het nie al hulle sondes uitgeroep terwyl hulle in die duister dieptes van die hel ingly nie!

- Ware bekering is meer as blote voornemens, hoe opreg ook al. Hoeveel beloftes word nie vanaf siekbeddens aan die Here gemaak nie - beloftes wat op niks uitloop nie.

Thomas Watson stel dit só: *"Trust not a passionate resolution; it is raised in a storm and will*

¹ Baie van wat volg, is uit die kosbare boek van Thomas Watson gemynt: *The Ten Commandments*, p.205 e.vv.

die in a calm." Ook ken ons almal die spreekwoord: "Die pad na die hel is geplavei met goeie voornemens."

- Ware bekering is méér as die los van sékere sondes. Mense los sekere sondes, maar die versugting daarna brand steeds in hulle harte. Of hulle los sommige, net om in die plek daarvan ander te omhels. Of hulle los openlike sondes, maar wat hulle agter geslote deure doen, skrei ten hemele. Of hulle los sogenaamde lelike sondes, maar dit wat sosiaal aanvaarbaar is, woeker voort. Of hulle los skadelike sondes, maar die wat as onskadelik geag word, gaan voort.

- Omdat ware bekering vanuit 'n nuwe hart voortkom, haat dit sonde - alle sonde! Wat is hier dus die watermerk van egtheid? 'n Egte werk van die Gees van God word altyd tot 'n mindere of meerdere mate gekenmerk deur ten minste die sewe dinge wat hieronder genoem word. Dit geld van sowel wortelbekering as daaglikse bekering. Sommige ervaar dit meer intens as ander en niemand ervaar dit jaar in en jaar uit ewe intens nie. Maar elke ware Christen sal iets van elkeen van onderstaande proefondervindelik ken.

- Ervaringskennis van my skuld, my verdorwenheid en my magteloosheid om dit in eie krag te oorkom.

Esra 9:6: "My God, ek is te skaam, ek het nie die vrymoedigheid om my kop voor U op te tel nie. Ons sondes is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog."

- Afsku en hartseer oor my verdorwenheid en alles wat daarmee saamhang. Ek sien dit vir wat dit is: my grootste vyand wat my en mense om my vernietig.

William Cowper: "I hate the sin that made Thee mourn, and drove Thee from my breast!"

- Ek is bewus daarvan dat my sonde ten diepste teen God is. My rebellie is teen 'n heilige,

liefdevolle en volmaakte God. Dis Sý wette wat ek keer op keer oortree. Dis Hóm wat ek in oneer bring.

John Bunyan: "Sonde is - om God se geregtigheid uit te daag, om Sy genade geweld aan te doen, om Sy geduld te verag, om Sy krag te minag; om Sy liefde te ignoreer."

Ps 51:6: "Teen U alleen het ek gesondig; ek het gedoen wat verkeerd is in U oë. U uitspraak is dus reg en U oordeel regverdig." (NIV: "Against you, you only, have I sinned ...").

- Teen die duistere agtergrond van my mislukking is daar tog ook die beleving van God se barmhartigheid, van Sy genade in Jesus Christus. Dit bring dan ook die dankbaarheid en vrymoedigheid om te volhard op die pad van heiligmaking.

- Ek begeer opreg om klaar te kry met sonde - wat altyd sal lei tot opregte voornemens wat dit betref, maar ook tot gebed vir krag om daarin te volhard en te oorwin.

- As voorafgaande enigsins eg is, móét my lewe mos verander. Al is daar nog talle mislukkings, sal ek al hoe meer oorwinnings behaal met die krag wat die Heilige Gees verleen - en dus sondes los.

Luther: "To do so no more, is the truest repentance."

- Sekere dinge wat ek gedoen het, los ek. Ander dinge wat ek nagelaat het, begin ek nou doen.

- Ek begin my gedagtes, gesindhede en motiewe oppas en plaas 'n wag voor my mond.

- Ek vermy gevaarlike terrein. Ek flankeer nie met Jk 1:13-15 se "prostituut" nie. Ek pluk die vyand se vurige pyle uit my klere uit; ek kap die hand af wat my laat struikel.

- Ek leer my morele Achilleshiele ken.

- Ek doen restitusie teenoor diegene wat

ek te na gekom het; loop terug op my spore om reg te maak waar ek verbrou het; vra maklik om verskoning (Mt 5:23-24).

- As ek na verloop van tyd terugkyk, kan ek tog groei sien, al beleef ek dikwels presies die teenoorgestelde. En al kan ék dit nie sien nie, kan die wat my goed ken dit wel waarneem.

- Opsomming:

- Iemand wat wedergebore is, se lewe word nie in die eerste instansie deur sonde gekenmerk nie, maar deur 'n toenemende heerskappy en oorwinning oor sonde. Die stryd gaan egter nooit verby nie, die gevegsfront verskuif net geleidelik.

- Elke ware Christen ken die hartseer van mislukking in hierdie stryd. In boks kan punte, rondtes en gevegte verloor word. Teen die sonde verloor 'n Christen nooit die eindronde nie; maar rondtes en punte gereeld - té gereeld. 1Jh 1:8-2:2 bly dus tot die einde toe 'n lewenswerklikheid: "As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself ... maar as ons sondes bely ... Hy vergewe ... Dit skrywe ek aan julle ... dat julle nie moet sondig nie ... en as een van ons sondig ... ons het Jesus Christus ... as ons Voorspraak by die Vader ... Hy is die versoening vir ons sondes ...".

'n Finale woord, en vergeet dit nie: 'n Ware Christen word nie gekenmerk deur die feit dat hy nie kan val nie, maar deur die feit dat hy nooit kan bly lê nie.

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellاسies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115. E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 3 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906